`n Boek vir elke gelowige wie glo of graag wil glo in die werklikheid van `n verrese Jesus en hoedanig die Geesgawes in die bediening van `n ware volgeling van Jesus se lewe ten uiting gekom het.

Indien u dit wil aflaai, in tien dele aangebied, gaan gerus op hierdie webwerf na Audio, *Die Heilige Gees in my Bediening* deur Arie R J Blomerus (1910-1997).



Sonder die Krag van Bo sal ons nie die aanslae van satan ooit kan oorwin nie.

Die Heilige Geesgawes moet in egtheid opereer andersins kan God nie Sy doel daarmee bereik nie en dit kan selfs tot lastering van die Naam en saak van Jesus lei.

Dit is die Gees van God <u>en die ware invulling daarmee</u> wat die vroegste volgelinge van Jesus in staat gestel het om die evangelie te kon verkondig in Krag en in Waarheid.

`n Nederige wandel met God is die onderbou van die suksesvolle beoefening van die Geesgawes. Jesus self was die toonbeeld van nederigheid.

Dit is nie geleerdheid of belangrikheid van persoon wat tel nie, maar getrouheid aan God en om volkome diensbaar aan God te wees in hart en gees, wat die deurslag gee in die beoefening van die Geesgawes en sodat Jesus die eer kan ontvang en nie `n mens nie.

Lees gerus hierdie oudioboek, tans slegs in Afrikaans beskikbaar, om te kan sien wat `n prys is verbonde aan gehoorsaamheid aan God maar wat natuurlik ook terselfdertyd ook dien as inspirasie om in die ware verrese Jesus te kan glo!

As jy God se ware dienaar wil wees, maak gereed vir verwerping – tog ook wetend dat jy vir baie (die ware volgelinge van Jesus) `n groot seën sal wees! Jesus het verklaar : "My koninkryk is nie van hierdie wêreld nie" en om hierdie rede sal almal wat God in Gees en Waarheid wil dien, en Sy wil sal wil uitleef, vervolging op een of ander wyse smaak. As ons egter getrou bly, sal God elkeen wat Hom getrou wil dien volgens die voorskrif van Sy Woord, ryklik beloon met LEWE in Hom! Die tyd van die egte beoefening van die Gawes is hier maar ons sal ons moet verneder in gebed en afsondering, selfs vaste doen, as ons as oorwinnaars uit die stryd wil tree want vervolging is weer op die horison.

So kom ons maak gereed om ingevul (gedoop) te word met God se Gees deur Sy aangesig dag en nag te soek. Kom ons bid dat almal wat eenstemmig is oor hierdie saak onder een Hoof in Christus sal versamel in hierdie heel laaste bedeling. Is daar `n uitdaging te groot vir Jesus? Definitief nie! Hyself het juis Sy Krag van Bo gestuur om ons oorwinnaars in elke (!) situasie te kan maak!